



SKULD- ERKENNINGS- BOETES

ALLES WAT JY MOET WEE



JOU PROKUREUR – JOU VERTROUDE RAADGEWER

Die doel van hierdie brosjure is om die gevolge van die betaling van 'n skulderkenningsboete te verduidelik en om praktiese regsvenke te gee vir indien jy in hegtenis geneem word en die opsie het om sodanige boete te betaal.

Wat is skulderkenningsboetes?

Die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) mag aan mense wat gearresteer word indien hulle verdink word van 'n mindere ernstige oortreding, die opsie gee om 'n skulderkenningsboete te betaal. Sodanige boete is deel van ons regstelsel en maak voorsiening vir 'n persoon om skuld te erken sonder om in die hof te verkyn. Dit voorkom onnodige las op die hofstelsel. Die doel is om minder ernstige sake vinnig af te handel waar 'n persoon verantwoordelikheid vir 'n mindere ernstige oortreding aanvaar.

Baie mense betaal egter skulderkenningsboetes sodat hulle vrygelaat kan word, sonder om te besef wat dit beteken en hoe dit hulle sal affekteer. Ongelukkig het die betaling van skulderkenningsboetes sekere gevolge wat nog baie jare daarna by die persoon sal spook.

Dit is raadsaam om eers met 'n prokureur te gesels voordat jy 'n skulderkenningsboete betaal.

Die geval van mnr Tong

In onlangse jare het die howe 'n aantal sake aangehoor waar foutiewe skulderkenningsboetes betrokke was. Die Hooggeregshof: Wes-Kaapse Adeling het die saak van mnr Tong, wat deur die polisie gearresteer is op aanklag van besit van dagga, hersien. Op die dag van sy arrestasie is hy vrygelaat nadat sy pa 'n skulderkenningsboete namens hom betaal het. Sy pa het ook dokumente onderteken om sy vrylating te verseker. Mnr Tong is geen regsverteenvoordiging aangebied nie en die polisie het nie die hofprosedures aan hom verduidelik nie. Hy was onder die indruk dat hy op borgtog vrygelaat word en terug hof toe moet gaan op 'n latere datum. Hy het nie besef dat sy pa namens hom 'n skulderkenningsboete betaal het nie. Hy het natuurlik geen kennisgewing van 'n hofdatum gekry nie.

Ongeveer drie jaar later is hy 'n pos as Engelse onderwyser in Suid-Korea aangebied. Toe hy aansoek doen om 'n visum moes hy uitvind dat hy 'n kriminele rekord het. Hy is 'n visum geweier en kon nie buite die land reis nie. Hy kon ook nie kwalifiseer vir enige onderwyspos nie. Die skulderkenningsboete het dus erge gevolge vir mnr Tong gehad. Hy het die hof versoek om sy skuldigbevinding te hersien en dit is later tersyde gestel deur die Hooggeregshof.

Vyf dinge om in gedagte te hou

Indien jy of 'n lid van jou gesin in hegtenis geneem word en die opsie gegee word 'n skulderkenningsboete te betaal, moet die volgende vyf punte in gedagte gehou word:

1. By inhegtenisneming, het jy sekere regte

Jou regte sluit in die reg om -

- stil te bly,
- ingelig te word oor jou reg op stilswey,
- waar jy in hegtenis geneem is vir 'n beweerde oortreding, vrygelaat te word waar dit in belang van geregtigheid is,
- ingelig te word dat jy nie verplig is om enigiets te erken wat later as bewys teen jou gebruik kan word nie,
- ingelig te word oor die rede vir jou aanhouding,
- jou prokureur te raadpleeg, of gebruik te maak van een wat die staat vir jou aanstel, indien gebrek aan regsverteenvoordiging aanleiding kan gee tot erge ongeregtigheid, en
- met jou wederhelf of lewensmaat, familie, of 'n berader en mediese praktisyn van jou keuse te kommunikeer.

Hierdie brosjure is nie bedoel as 'n volledige uiteensetting van al die regte wat 'n persoon het wanneer hy/sy in hegtenis geneem word nie, maar dit is duidelik dat jy die reg het om stil te bly en nie gedwing kan word om 'n skulderkenningsboete te betaal nie.



SKULDERKENNINGSBOETES

ALLES WAT JY MOET WEE

2. Praat met 'n prokureur

Dit is raadsaam om met jou prokureur te praat voordat jy 'n skulderkenningsboete betaal. Sodanige boete moenie betaal word slegs ter wille van spoedige vrylating nie. Dit is 'n korttermyn besluit wat langtermyn gevolge inhou. In sommige gevalle kan 'n skulderkenningsboete die gepaste opsie wees maar dit moet slegs betaal word nadat jy goeie regsadvies ontvang het.

3. Jy moet ingelig word oor wat dit beteken

Die polisie moet jou behoorlik inlig oor die gevolge indien jy 'n skulderkenningsboete betaal. Die howe het bevestig dat die beskuldigde ingelig moet word dat -

- hy/sy daarna geag sal word as skuldig bevind deur 'n hof,
- die skuldigbevinding op die beskuldigde se kriminele rekord sal verskyn,
- hy/sy afstand doen van sy reg om:
 - die saak in die hof teen te staan,
 - sy aanklaers/beskuldigers te konfronteer,
 - getuies te roep, en
 - regsverteenvoerdiging te kry.

Onthou ook asseblief dat die polisie nie daarop mag aandring dat jy eers die skulderkenningsboete betaal voordat jy vrygelaat word nie. Jy moet tyd gegun word om te oorweeg of jy die skulderkenningsboete wil betaal al dan nie. Dit kan gebeur nadat jy vrygelaat is.

4. Borgtog verskil van 'n skulderkenningsboete

Om 'n skulderkenningsboete te betaal is nie dieselfde as om borgtog te betaal nie. Die volgende is van die verskille tussen die twee:

Die **skulderkenningsboete** bring mee dat daar geag word dat jy skuldig bevind is op die aanklag. Die saak is ooreenkomstig afgehandel en jy sit met 'n kriminele rekord. Jy sal nie die geld wat betaal is terugkry nie en jy hoef nie weer in die hof te verskyn nie.

Die **betaling van borgtog** beteken dat die saak nog nie afgehandel is nie en jy word onskuldig geag tot tyd en wyl jou skuld bewys word. Betaling van borgtog beteken nie dat jy erken dat jy 'n oortreding begaan het nie en daar is geen skuldbevinding nie. Jy moet steeds in die hof verskyn en sal die borggeld terug kry indien jy voldoen aan die borgvoorwaardes.

5. Dink aan wat dit vir jou toekoms beteken

Mnr Tong kon nie 'n visum kry om na 'n ander land te reis nie en het nie gekwalifiseer vir 'n onderwyspos nie. Potensiële werkgewers sal wil weet of jy 'n kriminele rekord het. Dit mag jou dalk diskwalifiseer of jou vermoë om werk te kry in die wiele ry. Die Hooggeregshof: Gauteng Plaaslike Afdeling het bevestig dat 'n kriminele rekord beperkend inwerk op geleentehede soos indiensneming, reis en vele ander aspekte.

Die betaling van 'n skulderkenningsboete kan 'n invloed hê op jou vryheid van beweging en vermoë om 'n loopbaan te kies.



LAW SOCIETY
OF SOUTH AFRICA

Tel: (+27) 12 366 8800
Faks: (+27) 12 362 0969
www.LSSA.org.za

Posbus 36626
Menlopark 0102
Docex 82, Pretoria
Brooksstraat 304
Menlopark, Pretoria 0081

© Law Society of South Africa 2014. Picture source: © iStock
Hierdie brosjure is slegs vir inligtingsdoeleindes bedoel en moet nie as regsadvies beskou word nie.

